**30 April**

Skrifgedeelte: Job 23: 8-12
Fokusgedeelte: Job 23:10

# Moenie twyfel nie, vertrou op die genade in Jesus Christus

Twyfel wanneer dit nie met jou goed gaan nie, het een doel voor oë – om jou geloof in God te vernietig. Twyfel wil jou laat glo dat God jou nie gaan help nie, dat Hy jou nie liefhet nie. Die boek Job bestaan uit 42 hoofstukke. In die eerste 41 het Job sy gesondheid, sy rykdom en sy gesin verloor. Niemand het enige vyande nodig as jy vriende soos Job s'n het nie. Hulle wou hom onverbiddelik laat twyfel. Daarom soek Job antwoorde. Hy vra weer en weer vir God vrae, maar kry net stilte as 'n antwoord. Job het deurgedruk, deur moeilike dae, slapelose nagte, en aanhou glo: "Hy ken my pad; as Hy my toets, is ek suiwer soos goud" (Job 23:10). Dit kon Job doen omdat hy God geken het as soewereine God, God wat ingryp en dinge doen wat buite ons vermoë is. Hy weet dat God anders doen as wat ons wou dat Hy sou doen, anders as wat ons sou dink dat Hy moes doen. God – so sê Job – bly Een! Onveranderlik Één! Hy kan nie beweeg word tot verandering nie! Wat Hy wil, dit doen Hy, want Hy is soewerein!

Job weet dat God met hom besig is, hom toets en dat hierdie toets is om die egtheid van sy geloof te toets. Hy weet dat (i) Jy vuur nodig het om goud te suiwer. Hy weet dat (ii) slegs die raffineerder weet hoe warm die vuur moet wees en hoe lank dit nodig het. Hy weet dat (iii) As die proses te haastig afgehandel word, die produk minder waarde sal hê. Daarom murmureer Job nie, daarom veg Job nie met God nie – hy vertrou dat God hom nie in die steek sal laat nie. Hy bely dat God hom ken. Daarmee bely Job dat alles wat hy doen aan God bekend is, sy Skepper ken sy diepste gedagtes, ook dat hy worstel en nie verstaan wat gebeur nie. Tog, al verstaan Job nie alles nie, bely hy nogtans dat hy in die lewe "suiwer soos goud" sal wees. Hy sal nie afwyk van God se pad nie. Hy sal met vaste tree stap waar God hom ook al lei. Hy sal met geloofsvoete stap.

Ook ons kan met dieselfde geloofsvoete stap wanneer lyding en beproewing dreig om ons onder te kry. Wanneer twyfel ons wil laat struikel, dan kom die Woorde van Jesus weer tot ons: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11: 28). Wanneer twyfel ons wil onderkry, mag ons nie 'n gebalde vuis in die lug steek nie, maar moet ons ook soos Job kan sê: "God ken my pad, as hy my toets, is ek suiwer soos goud." Dit sal ons net kan bely as ons met twyfel, beproewing en hartseer in geloof die roepstem van Jesus gehoorsaam en na Hom toe gaan. Daar sal ons rus kry, daar sal ons krag kry, daar sal ons genade vind.

Sing: Skrifberyming 14-2

Dr D Lartz (Edenvale)